BYBELSTUDIE OPENBARING LES 8 2:12-17 [PERGAMUM].

Pergamum was die amptelike hoofstad van Klein-Asië. In hierdie stad was die tempels en altare vir die heidense gode ingeryg: tempels ter ere van Zeus, Atena, Dionusos en Asklepios, altare vir Zeus en Atena. Die belangrikste heidense godsdiens van daardie tyd was natuurlik keiseraanbidding. Die keiser het homself tot god verklaar en alle Romeinse burgers moes hom aanbid – dit was wet. Die toestand het verder versleg vir die gemeente toe die Romeinse keiser sy geregshof in 64 n.C. oorgeskuif het na Pergamum toe. In die tyd toe die brief aan Pergamum geskryf is, was keiseraanbidding in Pergamum op sy hoogtepunt. ’n Mens sou Pergamum die hoofstad van afgodery kon noem.
Om te weier om deel te neem aan die keiserkultus, het so ’n persoon skuldig gemaak aan burgerlike ongehoorsaamheid. Dit het daartoe gelei dat die Christene sonder ophou vervolg is. Dieselfde het gebeur wanneer Christene nie ’n uitnodiging na ’n heidense afgodsfees aanvaar het nie. Hulle is dan wreed vervolg en uit die samelewing verban. In Pergamum het die Christene geweier om vir Zeus of Asklepios verlosser te noem, of om van die keiser as Here te praat. Hierdie name het slegs hulle Verlosser en Here Jesus Christus toegekom.

OPENBARING 2:12-17 [Pergamum].

1. LEES: Vers 12-17.
   Ook die brief aan Pergamum is volgens ’n bepaalde patroon geskryf naamlik:
   Die adres
   Die selfbenoeming van die Here
   Dit wat die Here vir die gemeente sê:
   Wat Hy van die gemeente weet
   Hulle sterk punte
   Hulle swak punte
   Die vermaning om te luister.
   Lees die brief aan Pergamum en voltooi bostaande patroon.

2. LEES: Openbaring 2:13 en Efesiërs 6:17.
   In beide Openbaring en Efesiërs word gepraat van ’n swaard. Die een is die swaard uit die mond van Christus en die ander die swaard in die hand van die gelowige. Christus se swaard is ’n swaard waarmee aangeval word [romfaia] terwyl ’n gelowige slegs ’n kort swaard in sy hand het [’n dolk – machaira]. In beide gevalle is die swaard ’n beeld van die Woord.
   Hoe moet ons hierdie verskil verstaan en toepas?

3. LEES: Openbaring 2:13 en 16:10.
   In Openbaring 2:9 het die sinagoge van die Satan verwys na die Jode in Rome en Smirna. In vers 13 word daar nou gepraat van die troon van die Satan en aan die einde van die vers “waar die satan bly”. Lees ook die inleidende deel van hierdie les en kyk of u die volgende vraag kan antwoord:
   Waarna verwys die troon van Satan in Pergamum?

4. LEES: Openbaring 2:13; 14:1; 22:4.
   Ten spyte van die heidense omgewing, het die Christene [gemeentelede] getrou gebly “aan my Naam”.
   Waarop dui die “Naam”?

5. LEES: Openbaring 2:14-15; Numeri 25:1,2; 31:16.

Dit is moontlik dat die mense wat die leer van Bileam aanhang [2:14] en die Nikolaïete [2:15] twee verskillende groepe is, maar dit was waarskynliker dieselfde groep. Dit sou dan beteken dat dit in Efese [2:6] en in Pergamum om dieselfde dwaling gaan.
Wat was die dwaling van Bileam en die Nikolaïete?

6. LEES: Openbaring 2:5; 2:16; Esegiël 18:24; 1 Petrus 4:17.
   Die woordjie bekeer beteken om jou gemoed te vernuwe en om te draai op jou huidige pad. Op die manier draai die sondaar sy lewe en optrede terug na Christus toe.
   - Wie word in Efese opgeroep tot bekering?
   - En in vers 16?
   - Wat sal met hierdie mense gebeur?

ANTWOORDE.

1. Adres:
   Aan die gemeente in Pergamum [12a].

Die selfbenoeming van die Here:
Christus het die skerp swaard met die twee snykante [12b].
Dit wat die Here vir die gemeente sê:
Ek ken die plek waar julle bly [13a].
Die troon van Satan is daar by julle [13a].
Antipas is daar doodgemaak [13b].
Sterk punte:
Julle bly aan my Naam getrou [13a].
Julle het nie julle geloof afgesweer nie [13a].
Swak punte:
Sommige hang die leer van Bileam aan [14].
Sommige hang die leer van die Nikolaïete aan [15].
Vermaning om te luister:
Bekeer julle nou [16].
Luister na die Gees [17a].
Wie oorwin, sal van die verborge manna ontvang [17b].
Wie oorwin, sal 'n wit klippie kry [17b].

2. In Christus se geval waar die swaard uit sy mond kom, is dit duidelik dat Hy self die Woord is. Die twee snykante wys op oordeel en geregtigheid – dit is op oordeel en vryspraak. Hierdie lang swaard is in oorloë gebruik om mee aan te val. Met hierdie swaard is Christus in aksie: of Hy oordeel – of Hy spreek vry!
   Ook ons as gelowiges het die Woord as swaard. Maar dan nie om mee te oordeel of vry te spreek soos Christus nie. Met die Woord as dolk kan ons net verdedig teen die aanval van Satan. Die kort swaard [dolk] is in gevegte gebruik vir verdediging.

3. Dit kan na verskillende sake verwys:
   - Na die groot altaar van Zeus, of na die tempel van Asklepios.
   - Na alle waarskynlikheid verwys dit na Pergamum as die setel van die keiserkultus [keiseraanbidding] in Asië. Die keiseraanbidding het hier in die Ooste van die Romeinse Ryk die sterkste ontwikkel. Hier is die eerste tempel vir keiser Augustus gebou [29 v.C.] en later ook een vir Trojanus. In die tempels is gewoonlik beelde van die gode opgerig [Ns. Later in Openbaring sal ons egter sien dat Rome die eintlike sentrum was van Satan se aktiwiteite].

4. Hierdie "Naam" dui op Christus maar dan in besonder op sy Persoon en eienskappe wat kenmerkend van Hom is. Dit is sy identiteit [14:1; 22:4]. Om getrou te bly aan Christus se Naam beteken dan om met Woord en lewe lojaal te bly aan sy identiteit.

5. Bileam was ’n heidense profeet en in Numeri 22 en in Numeri 22 gee hy raad aan die heidense koning Balak van die Moabiete om met Israel te meng. Israel het dan ook met die heidense vroue van Moab gemeng en onsedelikheid bedryf. Dit het ook aanleiding gegee tot afgodsdiens. En dit is wat met die lidmate in Pergamum gebeur het. Aan die eenkant het van hulle in die geloof vasgehou aan Jesus Christus. Maar aan die ander kant het hulle toegegee aan die heidense afgodery en onsedelikheid in Pergamum.

6. Baie opvallende word die hele gemeente in Efese opgeroep tot bekering.
   - In vers 16 – in die gemeente in Pergamum – word net “daardie mense” opgeroep tot bekering – m.a.w. net ’n gedeelte van die gemeente. Dit was diegene wat ook onsedelikheid en afgodery nagejaag het.
   - Hulle moet hulle verdraagsaamheid met die sonde laat vaar. Die Here kyk nie by sonde verby omdat jy aan die eenkant aan sy Naam getrou bly en in die geloof volhard nie [13]. Nee! Met die tug van sy Woord sal Hy jou uit die gemeente lossny. Daarom bly die tug een van die kenmerke van ’n ware kerk.

****